ORANJE-VRYSTAAT

Aangestel op regbank

Advokaat G A van Coppenhagen SC, wat as leier van die Vrystaatse Balie waargeneem het, is met ingang van 1 April 1989 as regter in die Oranje-Vrystaatse Provinsiale Afdeling aangestel.

Nuwe lid

Clive Roberts is met ingang van 1 Januarie 1989 toegelaat as volwaardige lid van die Vrystaatse Verenging van Advokate.

Pupil

Die Balie het tans een pupil by name Johan Daffue.

Sosiale nuus

Gedurende April 1989 het advokaat S A Visser sy eerste dertig jaar as lid van die Vrystaatse Balie herdenk. By dié geleentheid is 'n onthaal vir hom aangebied deur die lede van die Vrystaatse Vereniging van Advokate in die geselskapkamer en is ook 'n geskenk aan hom oorhandig as blyk van waardering vir die onbaatsugtige wyse waarop hy oor die afgelope dertig jaar die Vereniging gedien en ondersteun het.

Regter D Lombard wat diens gedoen het as regter in Transkei is vanaf Januarie 1989 terug in Bloemfontein. Hy is deur die plaaslike advokate verwelkom tydens 'n onthaal wat in die Atriumgebou aangebied is.

NATAL

GCB

McCall SC has been elected Vice-Chairman of the GCB.

Bar Council

The new Bar Council elected in August 1989 consists of the following members: Combrinck SC (Chairman), Hurt SC, Wallis SC, Olsen, Ploos Van Amstel and Booyens.

SA Law Commission

McLaren SC has been appointed as a member of the SA Law Commission.

EASTERN CAPE

Appointment to the Bench

Mr Justice W E Cooper, who previously practised as an advocate in Cape Town, was appointed to the Eastern Cape Division on 1 March 1989. In 1972 a PhD was conferred on him by the University of Cape Town for a thesis entitled 'The Letting and Hiring of Immovable Property in South Africa'. Judge Cooper is an author of considerable note, being the author of no less than nine books, including the work *Motor Law*. It was for this work that he received the LLD-degree from the University of Cape Town in 1987.

Tydens die verwelkomingsonthaal vir regter D Lombard, vlnr Regter-president F S Smuts en Regters G A van Coppenhagen en D Lombard

Nuwe lede

A D Botha, voorheen van die Pretoriase Balie, het op 1 Mei; W L Kingsley en L Mpati op 1 Julie; en P K Weyer op 1 Augustus te Grahamstad begin praktiseer terwyl M G Swanepoel en M P Q Spruyt op 1 Julie 1989 te Port Elizabeth begin praktiseer het.

New Supreme Court

The 'New Supreme Court' in Bird Street, Port Elizabeth is nearing completion and is expected to become functional in February 1990. The basic external structure has already been completed. A rather interesting feature of the plans is a court which the architect has named a 'Siviele Strafhof'. Perhaps this is intended to be a divorce court!



Judge W E Cooper

Balieraad

Die huidige Oos-Kaapse Balieraad bestaan uit: Die voorsitter — J J Nepgen SC (Grahamstad), L S Melunsky SC (Port Elizabeth), L E Leach (Grahamstad), R G Buchanan (Port Elizabeth) en I J Smuts (Grahamstad). Die sekretaris in Grahamstad is J W Eksteen en in Port Elizabeth P W A Scott.

'Bar Flyers'

Vir die derde agtereenvolgende jaar gaan die Port Elizabethse Balie weer 'n span inskryf vir die 'Great Train Race' tussen Port Elizabeth en Loerie. Die gebeurtenis vind op 16 September 1989 plaas en al die lede van die span, insluitende regter J C H Jansen, is hard besig om te oefen.